Die Calvyn Jubileum Boekefonds van die GKSA 1909

Die jaar 1909 was vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n besonder belangrike jaar. Die kerke in hulle was toe reeds 50 jaar oud, want hulle het in 1859 te Rustenburg ontstaan. Feesvierings het op verskeie plekke in die land plaasgevind. In Rustenburg, Burgersdorp, Reddersburg en Potchefstroom was daar o.a. luisterryke feeste.

Maar daar was ook 'n tweede rede waarom 1909 vir die GKSA belangrik was: Dit was die 400ste gedenkjaar van Johannes Calvyn se geboortejaar, want hy is in 1509 in Noyon, Frankryk, op 10 Julie 1509 gebore. By uitstek en in besonder was die Gereformeerde kerke die draers en uitbouers van Calvyn se belydenis in Afrika. Ook hieroor, oor die calvinistiese belydenis soos saamgevat in die Drie Formuliere van Eenheid, is daar in 1909 deur die GKSA feesgevier.

Die vaders in die kerke van destyds het toe besluit om 'n blywende, sigbare herinnering oor die twee bostaande gedenkwaardighede daar te stel. Dit was toe die Calvyn Jubileum Boekefonds, met die uitsluitlike doel om die Gereformeerde belydenis uit te bou.